20.6 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE PRETORIA OOR ONDERLINGE KORRESPONDENSIE TUSSEN DIE KERKE VAN DIE GKSA (Art 99)

A. Dr JH Howell stel die Beskrywingspunt.
B. Die Beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. **BESKRYWINGSPUNT**
Plaaslike kerke word broederlik daaraan herinner om die weg van Kerkorde artikels 30 (verseker vooraf dit is ‘n kerklike saak), 45 (plaas dit op die Agenda van meerdere vergaderings) en 48 (meerdere vergaderings kan oordeel of dit na ander kerke gekorrespondeer moet word) te volg alvorens versoeke om hulp binne die kerkverband uitgestuur word.

Agtergrond
Kerkrade ontvang gedurig korrespondensie van individue of plaaslike kerke met versoeke om hulp, sonder dat dit blyk dat die korrekte weg via die Klassis, ens. vooraf gevolg is. Dit maak dit baie moeilik vir Kerkrade om die ware nood te beoordeel. Gevolglik kan dit gebeur dat verdienstelike sake wat ondersteun behoort te word, skade ly, terwyl sake wat minder meriete het, gesteun word.
Besluit: Dat aan die Beskrywingspunt nie gevolg gegee word nie.